# BERGRIVIER BULLETIN

**Official newsletter of Bergrivier Municipality**



**WE SERVE WITH PRIDE** NOVEMBER 2018

## TRANSNET PHELOPHEPA GESONDHEIDSTREIN HELP 1952 PASIËNTE IN BERGRIVIER!

**BERGRIVIER** Munisipaliteit was gasheer vir die Transnet Phelophepa Gesondheidstrein vanaf 17 tot 21 September 2018 en het meer as 1950 pasiënte met verskeie gesondheidsbehoeftes gehelp.

Die gesondheidstrein was by die Piketbergstasie gebaseer.

Honderde mense uit verskillende areas in die Bergrivier-streek en ander dorpe het daagliks gebruik gemaak van die trein se dienste.

Dié modern trein het met 'n verskeidenheid van dienste gespog soos tandheelkundige en oogsorgklinieke, kanker - en diabetes-siftings en opvoedkundige sessies, insluitend sielkundige en beradingsessies in verskeie dissiplines.



'n Totaal van 592 pasiënte se tande was getrek, terwyl 870 pasiënte nuwe brille ontvang het.

Meer as 3 000 leerders het basiese gesondheidsorg en opvoeding oor verskeie gesondheidsonderwerpe ontvang, as deel van die trein se uitreikprogram na ons skole.



Raadsheer Ray van Rooy, Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, het gesê: "Die bestuurder van die trein het ons verseker dat die trein in 2020 vir twee weke na Piketberg gaan kom. Ons sal die trein met ope arms verwelkom".

Die inisiatief was 'n groot sukses nadat statistieke gewys het dat Bergrivier Munisipaliteit sy teiken van 1500 met 452 oorskry het.

"Dankie aan die gemeenskap en alle rolspelers wat bygedra het tot die sukses van die Phelophepa inisiatief," het die Burgemeester gesê.

### Bergrivier Munisipaliteit: Vlak 4 Waterbeperkings

**Bergrivier Munisipaliteit sal vanaf 1 November 2018 vlak 4 waterbeperkings instel as gevolg van die goeie reënvalsyfers vir vanjaar teenoor die ooreenstemmende tyd in 2017. Die munisipaliteit wil alle inwoners hartlik bedank vir hul goeie samewerking en vir hul deel wat hulle doen om water te bespaar.**

## DEERNISSUBSIDIES VIR HULPBEHOEWENDE HUISHOUDINGS

**BERGRIVIER** Munisipaliteit nooi graag alle huishoudings wat as hulpbehoewende huishoudings wil registreer en vir finansiële bystand in aanmerking wil kom, om die munisipaliteit te besoek.

Gedurende Augustus 2018 het 1824 huishoudings, deernishulp ter waarde van 'n maksimum bedrag van R491.19 per maand by die Raad ontvang vir gratis dienste.

**Indien u voldoen aan die volgende vereistes, kan u aansoek doen:**

- Die totale huishoudelike inkomste van alle lede van die huishouding wat op die perseel woonagtig is, moet R4 760 per maand of minder wees;

**OF**



- Die hoof van die huishouding in wie se naam die rekening geregistreer is, moet 'n staatsouderdompensioen of ongeskiktheidstoelaag ontvang;
- Die hoof van die huishouding en sy of haar gesin moet self die perseel waarop die aansoek betrekking het, bewoon;
- Die hoof van die huishouding en/of sy of haar gade en/of hul wettige kinders wat saam met hul ouers op 'n perseel woonagtig is, nie die wettige eienaar wees van 'n ander woning nie; en
- Aansoek om registrasie gedoen is op 'n vorm wat deur die munisipaliteit vir die doel voorgeskryf is en wat by enige kantoor van die munisipaliteit verkrygbaar is.

**Vir meer inligting, kontak die volgende deernisbeamptes:**

**Piketberg:** Mabel Fortuin 022 913 6061/ fortuinm@bergmun.org.za

**Porterville:** Lizel Isaacs 022 931 8409/ isaacsl@bergmun.org.za

**Velddrif:** Simonia Philander 022 783 8303/philanders@bergmun.org.za

## KLIëNTEDIENSBEAMPTES

Vir alle navrae kontak gerus u naaste kliëntediensbeampte:

⇒ **Piketberg** Jackie van Huyssteen 022 913 6000 *vanhuyssteenj@bergmun.org.za*

⇒ **Porterville** Elisma Maarman 022 931 2100 *maarmane@bergmun.org.za*

⇒ **Velddrif** Claureen Varnicker 022 783 1112 *varnickerc@bergmun.org.za*

## ANTI-FRAUD & CORRUPTION

Members of the public are encouraged to report any fraud and/or corruption allegations to either the Executive Mayor, Alderman Ray van Rooy, on 083 657 9615, the Municipal Manager, Adv. Hanlie Linde on 022 913 6011 or the Internal Auditor, Jurene Erasmus at 022 913 6002 or via e-mail: frankj@bergmun.org.za.

## POP Centre opened in Porterville



Guest of honour at Goedgedacht Trust's official opening of its 10th POP Centre were Johan Vorster (General manager at PPC De Hoek), Sandra Crafford (Deputy Mayor of Bergrivier Municipality), Gwede Mantashe (Minister of Mineral Resources) and Njombi Foster (Managing Director of PPC South Africa Ltd)

**THE** National Department of Mineral Resources in collaboration with Bergrivier Municipality and PPC, officially opened a new POP (Path Out of Poverty) centre in Porterville in June 2018.

The centre is managed by Goedgedacht Trust.

The centre's vision is to transform rural communities, many of which exist in extreme poverty, starting with the children. This means intervening in the life of a child as early as possible to secure a better future.

## EEN PIKETBERG!

**CALENDULASTRAAT** in Piketberg is op 3 Augustus 2018 met opgewondenheid verleng om integrasie binne die Bergrivier Munisipaliteit te bevorder en die gemeenskappe in Piketberg te verenig.

Tydens die verrigtinge het inwoners van wyk 3 aan die een kant van die straat gestaan, terwyl wyk 4 se inwoners aan die anderkant gestaan het. Die twee dele van ons gemeenskap het stadig na die middel van Calendulastraat gestap waar 'n rooi lint gehang het. Leerders van Hoërskool Piketberg en Steynville Sekondêr, die dorp se toekomstige leiers, is gevra om die rooi lint te knip. Die doel van hierdie aktiwiteit is om Piketberg te verenig en 'n 'wow' oomblik te skep wat almal nog vir baie lank sal onthou.

Twee van die inwoners wat al jarelank in Calendulastraat woon, Mev. Sannie Moore (80) en Mnr. Dawid Basson (87), het met trots die twee Madiba 100 "Be the Legacy" gedenkplate onthul.

Rdh. Ray van Rooy, die Uitvoerende Burgemeester en self 'n inwoner van wyk 4, sê inwoners kan nou vinnig en veiliger in die sakekern kom. Hy meen die straat sal 'n bymekaarkomplek word en 'n praktiese uitbeelding van die intergrasie tussen die buurte in die dorp wees.



## LoTYDE 2018 IN PORTERVILLE

**ONGEVEER** 800 leerders en werklose jeugdiges uit verskeie dorpe in die Bergrivier Munisipaliteit het ons jaarlikse opedag, LoTYDE bygewoon, om meer te wete te kom oor moontlike loopbane en beurse.

Hierdie geleentheid, wat voorsiening maak vir hoërskoolleerders tussen graad 11 en 12, is by die NG Kerk in Porterville aangebied.

Leerders van die volgende hoërskole was teenwoordig: Piketberg Hoërskool, Hoërskool Porterville, Steynville Sekondêr en Velddrif Hoërskool.

Volgens die Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, Rdh. Ray van Rooy, is LoTYDE (*Leaders of Tomorrow Youth Development Expo*), geskep om leerders te help met een van die mees fundamentele besluite wat hulle nodig het ter ondersteuning van hul loopbane en toekoms.



Met elke verbygaande jaar word meer moeite gedoen om groter opwinding onder die leerders te skep.

Vanjaar se pryse vir gelukkige trekking het 10 selfone, vier tablette en 'n skootrekenaar ingesluit.



## R600 000 VIR NOORDHOEK BIBLIOTEEK

**DIE** Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport, Anroux Marais, het op 13 September 2018 'n tjek van R600 000 aan Bergrivier Munisipaliteit in Kaapstad oorhandig, om die Noordhoek Biblioteek in Velddrif op te gradeer.

Bergrivier Munisipaliteit beplan om die Noordhoek biblioteek, aan die kant van die kinders en die studie-area, uit te brei. Die doel is om meer kinders 'n geleentheid te gee om die fasiliteit gedurende die dag te gebruik en om hul skoolwerk in 'n veilige omgewing te doen.

Die fondse stel ons in staat om ons biblioteekdienste wat ons aan die Noordhoek gemeenskap lewer, op te skerp en baie mooier te maak.



**Op die foto (van links) is: David Carolissen (Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite by Bergrivier Munisipaliteit), Gerna Croeser (Hoof: Biblioteekdienste by Bergrivier Munisipaliteit) en Anroux Marais (Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport).**


## WINNERS OF THE PORTERVILLE DESIGN COMPETITION

**BERGRIVIER** Municipality would like to congratulate the winners of the Porterville Design Competition, who have submitted quality concepts aimed at boosting the local economy, attracting more tourists and creating vibrant public spaces.

The winners, who were officially announced on 25 September 2018 at a Council meeting in Piketberg, are Estienne Schreuder (1st place), Justin le Roux (2nd place) and Simon Smeiman (3rd place). All three winners, who are from Porterville, submitted high quality designs.

The purpose of this competition was to re-design Porterville's main road (Voortrekker Street) and specifically the section from Basson Street to Park Street. Voortrekker Road functions as the town's activity spine. Spatial integration was a main focus.

The designs had to address aspects such as traffic congestion, parking space, beautification and the creation of recreational open spaces within the town's business district. Bergrivier Municipality would like to thank all the participants for their innovative designs.



**The Executive Mayor, Ald. Ray van Rooy, handed over the prizes to the three winners.**

**Cllr. Adam du Plooy and Alderlady Sanette Smit, assisted with the handover of prizes.**

**Yvette Odendaal, Tourism Manager: Velddrif, sponsored one of the cash prizes.**

## PIKETBERG COMMUNITY CYCLE RACE



**THE** Sports Trust in partnership with Bergrivier Municipality hosted the annual community cycling event at the Tollie Adams Cricket Grounds in Piketberg on 07 October 2018. Several cyclists, local and international, participated.





## PREMIER, BURGEMEESTER EN BERGRIVIER GEMEENSKAP BID SAAM



**BERGRIVIER** Munisipaliteit het 'n dankseggingsdiens op 28 September 2018 by die Mount Olive AME Kerk, te Piketberg gehou om dankie te sê vir die geseënde reënval wat Bergrivier te beurt geval het in die tyd van droogte en vir alle ander seëninge.

Die Premier van die Wes-Kaap, Helen Zille, het hierdie spesiale geleentheid bygewoon. Tydens die diens het die Premier en die Uitvoerende Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, Rdh. Ray van Rooy, hande gehou en saam gebid. Die munsipaliteit bedank almal wat die dankseggingsdiens bygewoon het.



## BURGEMEESTER VIER BOOMPLANTMAAND MET KLEUTERS

**UITVOERENDE** Burgemeester van Bergrivier Munisipaliteit, Rdh. Ray van Rooy, het onlangs Calendulastraat te Piketberg besoek om Boomplantmaand met kleuters van Mother Pearl en Babbel en Krabbel te vier.



Die burgemeester het die kleuters gehelp deur 'n paar bome langs die pad te plant.

Boomplantmaand bevorder die aanplant en instandhouding van inheemse bome.



